

**#HoeNou?! – Episode 2: Toffie****Toffieteken: Om iemand 'n toffie te druk**

**Vind jy dit aanstootlik of neutraal en onskuldig? Hoe ook al ... waar kom die handgebaar vandaan en waar het die uitdrukking sy oorsprong?**

**Het jy geweet?**

- Die verwys na 'n handgebaar: vuis, met duim wat tussen wys- en middelvinger uitloer.
- In baie kulture is dit juis 'n gebaar wat goeie geluk aandui (*ficus manus*).
  - Dit is dan ook die oorsprong van ons duim vashou

**Hoekom staan die gebaar in Afrikaans as 'n toffie bekend?**

Ons weet nie! Daar is wel teorieë, soos bv.

- dat dit in die 1970's in die weermag ontstaan het
- dat dit skoolgrondtaal is: Toffie sonder 'n wrapper (Gifford Peché)

**Wat doen jy met daai toffieteken? Wys jy dit vir iemand? Of druk jy dit vir iemand?**

- Ons kan heelwat sê met hierdie toffie:
  - **wys:** Die Guptas gaan nie betaal nie en sy het boggerall nadat oom Nelson vir haar 'n toffie gewys het in sy testament. (NWU-kommentaar)
  - **druk:** Z[uma] druk vir ons net elke keer 'n vet toffie en lag sy as af vir ons naïewe mense. (NWU-kommentaar)
  - **gooi:** Skuldiges loop vry, en Jan Publiek word net mooi 'n toffie gegooi! (NWU-kommentaar)
  - **kry:** Kry vir jou 'n toffie, boetie. (in woede gesê) (WKJ)
  - **rol:** Rol hulle nou vir Nando's 'n toffie! (WKJ)
  - **Ook nog:**
    - **naam toffie maak:** Wanneer 'n siel sy naam toffie maak, ... gee die siel geleentheid om dit te doen! (NWU-kommentaar)
    - **maak:** Dit lyk commin en sy maak 'n toffie van haarself. (NWU-kommentaar)
    - **vat:** Ai-ai, ou Dan Roodt, vir 'n "slim" ou is jy maar taamliek vir 'n toffie gevat hier. (NWU-kommentaar)

**Wat van: As jy jou vir 'n toffie uitgee, gaan jy gekou/gelek/geëet word.**

- Die een is maar gewoon een van daardie moderne idiome wat in ons ervaringswêreld gebaseer is.

**Het die teken ander name?**

- Naas “toffie”, het dié handgebaar ook nog baie ander name in Afrikaans:
  - PIT
    - **druk:** In 1990 het hy die Amerikaanse regering 'n pit gedruk en na Irak gevlieg ... (WKJ)
  - NOOL:
    - **wys:** Hulle wys my en my DNA toe 'n dik, vet nool en sê ek moes my olie elke dag gecheck het. (WKJ)
    - **druk:** Ek het ook verneem dat die mense wat besluit oor die SAMA's hulle hierdie jaar summier 'n vet nool gedruk het. (WKJ)
  - ZAP:
    - **gooi:** Toe ek inderhaas met die elevator opskarrel, gooi ek nog vir die bewende plekaanwyser 'n zap ook. (WKJ)